

KOMMUNIKAMMA 13 MAART 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

Gemeente Vraelys vir inhandiging tot môre, 14 Maart 2022

As gemeente is ons deurlopend onder konstruksie om die Here, mekaar en die gemeenskap beter te bedien. Met hierdie vraelys wil ons graag hoor van jou bedieningservaring en -behoefte. Die afgelope Dinsdag was daar slegs 82 lyste ingegegee. Ons het elkeen se insette nodig in die bou van God se koninkryk. Na die verwerking van die vraelys, sal die uitslag aan die gemeente bekend gemaak word en die nodige verbetering en aanpassings in die gemeente gedoen word. Vraelyste moet verkieslik digitaal ingevul word by: (https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLScG6SIPbEMS6wQxdApnXjmHiFxoV3JBcu8Qj8UsG0V-f76ogw/viewform?usp=sf_link), maar lyste is ook uitgedruk en in die voorportaal beskikbaar. Lyste moet voor of op Maandag 14 Maart 2022 ingehandig wees. Vir enige navrae, kontak Niekie by 041 3601484.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Skriflesing: Psalm 27

Tema: Geloof in 'n tyd soos hierdie.

<https://youtu.be/ut3ER1rYdQo>

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

08:30 EIETDSE EREDIENS EN KLEUTERKERK

Ons verwelkom vandag vir ds Derik Myburgh van die VGK SA Gemeente in Cala by albei erediensste.

09:45 KATEGESSE VIR GRAAD 1 -11

Gr 8-11 Sacramento Stap (uitgestel)

Ons het heelweek die weervoorspelling noukeurig dopgehou en besluit om as gevolg van die sterk wind (en hopelik reën) wat vir Sondag voorspel is, die staptog uit te skuif na later die jaar. Daar sal dus komende Sondag steeds Gr 8-11 Kategese in die klasse wees vanaf 09:45

10:00 KLASSIEKE EREDIENS

Die deurdankoffer gaan vandag vir Cala

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van erediensste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.

Maandag 14 Maart

12:45 GEBEDSKILD

Gemeente gebedgeleentheid by konsistorie. Almal is welkom.

Dinsdag 15 Maart

10:00 en 11:00 Nagmaal by Stella Londt

Woensdag 16 Maart

Voedselhulp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R310 478,08 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 18 Maart

05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205.

TROOSDIENS VIR DAAN VENTER VRYDAG 18 MAART OM 13:00

Persone wat graag die troosdiens van Daan Venter by die Sonheuwels-gemeente wil bywoon, moet asb vir Niekie (082 561 8747) laat weet voor Maandagoggend 10:00.

Sondag 20 Maart

09:00 EREDIENS agv langnaweek.

Neem asb kennis dat daar vir die volgende 3 Sondae, slegs 1 erediens om 09:00 is.

SAKE vir GEBED:

- Die krisis in die Oekraïne. Vra vir Goddelike ingryping, beskerming van mede-gelowiges en almal wat deur die oorlog beïnvloed word. Bid dat die wêreldwye krisis deur alle Christene aan die Here opgedra sal word en Hy sal ingryp en vrede sal werk.
- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly ook steeds op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van die damme, die probleme met ons onsuiver water, asook vir die vervanging van verouderde infrastruktuur vir watervoorsiening in ons stad.
- Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing en genade sal ervaar.
- Ons bid vir Janine en Gerrit Coetzee. Ons bid vir die beskerming van die Here op elke faset van hulle lewens, asook hulle gesondheid en vir seën op hulle bediening.
- Ons bid vir die opvoeding en onderwys van ons land. Daar is geweldige uitdagings by skole. Ons bid dat leerders die werk wat agv die pandemie verlore gegaan het, sal opvang.
- Ons bid vir almal wat op die oomblik besig is met eksamens of toetsreekse.
- Handré Janse van Rensburg is tans in die hospitaal in Potchefstroom. Ons bid vir hom en sy gesin.
- Ons bid vir Diederick Venter en familie met die afsterwe van oom Daan Venter.

Gebedsversoek vir There4-Bedieninge

Die traumavlak onder Christene in **Nigerië** bereik krisislakke namate manne vermoor word, vroue verkrag en ontvoer word, en jeugdige in sak en as is oor die toekoms. Bid vir genesing en hoop; ook dat die Here sal aanhou om hulle geloof te versterk en dat Christene voortdurend in staat sal wees om 'n rede te gee as iemand sou vra watter hoop hulle het.

Liefde vir ons naaste- 'n Nuwe rolstoel vir Carien Blom benodig

Ons het hierdie week te hore gekom van 'n jong gesin in ons gemeente wat 'n behoefte vir hul dogter het. Carien Blom is 'n blink 10-jarige dogtertjie wat op 27 weke te vroeg gebore is. Komplikasies na geboorte ('n ernstige breinbloeding) het breinskade veroorsaak, en sy is daarna gediagnoseer met Serebrale gestremdheid en Hydrocephalu. Carien se ouers, Stephan en Christelle Blom, is besig met 'n *back a buddy* fondsinsamelingsprojek want sy kort 'n nuwe rolstoel, en daar is verder groot mediese onkoste. Gaan loer gerus op die skakel indien jy 'n bydrae wou maak, of dalk meer wou weet: <https://www.backabuddy.co.za/champion/project/carien-blom>

KOFFIEBEDIENING

Ons herinner almal dat die Koffiebediening weer aan die gang is. Daar is voor elke erediens koffie en tee in die maalruimte beskikbaar.

Indien jy betrokke wil raak by die Koffiebediening, kontak asb vir Annelie van Rooyen (084 412 1068).

MAART MALLIGHEID

Baie Dankie aan Margita en Linda en almal wat betrokke was by die reëlings en/of optredes by die Maart Malligheid geleentheid. Ons loof die Here vir 'n baie gesellige en suksesvolle saamkuier geleentheid.

KERKRAAD EN DIENSWERKERS VAKATURES

Die gemeente het 'n 5 ouderling, 2 diaken en 9 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb vir Niekie.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|----------|--|
| 13 Maart | Sanelle Botha, Ané Human, Leonette Moolman, Lara Pretorius en Corné Slabbert |
| 14 Maart | Corrie Grobbelaar, Anke Rossouw, Estelle van der Merwe, Danie Venter, Pieter Vosloo en Amy Wentworth |
| 15 Maart | Pottie Potgieter, Danielle Smit en Connie van den Berg |
| 16 Maart | Zelda Bakkes en Bea-Ne Schoeman |
| 17 Maart | Ria Lombard, Vicky Rossouw, Ansie Vorster en Dalene Wilson |
| 18 Maart | Suné van Heerden |
| 19 Maart | Lizelle Niit |



UITNODIGING VAN THERE—BEDIENINGE

There4-Bedieninge nooi jou om saam te reis op Sondag 13 Maart 2022 om 18:30. Ons gaan al die pad om die There4-wêreld Zoom in 60 minute. Geen vliegtuigkaartjie of paspoort word benodig nie. Hierdie is 'n geleentheid om te sien hoe die There4-span die liefde van Christus deel met verlore nes, asook ons boeties en sussies wat bemoediging nodig het.

Indien jy wil saam reis RSVP deur 'n e-pos aan Nadia te stuur na support@there4ministries.org of 'n sms na 082 336 0253

VRUGTEMARK WALK-THRU


Groente NET Saterdag beskikbaar

31 Maart & 1 April 2022 @ 08h00 - 17h30
2 April 2022 @ 07h30 - 12h00

Bybels te koop teen spesiale pryse



Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Cotswoldlaan 31 Cotswold
Tel: 041 364 1138



BYBELGENOOTSAP IN GQEBERHA VRUGTEFEES

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in Port Elizabeth hou hul 25ste Vrughtemark "Walk- Thru" hierdie jaar oor 3 dae.

Dit is by die Bybelshuis, Cotswoldlaan 31, Cotswold op: Donderdag 31 Maart (08h00-18h00), Vrydag 1 April (08h00-18h00) en Saterdag 2 April (07h30-12h00) (Groente net Saterdag beskikbaar)

Daar sal ook lekker konfyt te koop wees. Kom loer gerus in en ondersteun ons asseblief! Enige navrae, kontak ons by 041-364 1138.

UDISIES BY DIE CANTANDO@ALGOA KOOR

Ons nooi belangstellende volwassenes van 20 tot 60 jaar om deel te word van die Cantando@Algoa koor.

Oefentye: Elke Dinsdagaand 18h30-20h30

Oefenlokaal: Kraggakamma Gemeente kerksaal, Gazanialaan, Fernglen

Kontak vir Gustel Agenbag (082 899 3804) vir 'n oudisie of meer besonderhede.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

